SEKS SOOS GOD DIT SIEN

VIR OUDERDOMME 13-18

Inhoud:

Inleiding
Verstaan die rol van die Pa. 4

Hoofstuk 1
Jy's aanmekaargesit met die oog op Seks. 5

Hoofstuk 2
So wat het hierdie Verbondsbesigheid met Seks uit te waai? 6

Hoofstuk 3
Klink goed, maar dis nie hoe die régtige wêreld werk nie. 8

Hoofstuk 4
Hoe's ek veronderstel om van Seks uit te vind? 10

Hoofstuk 5
Waarvan moet ek wégbly, en wáárom? 12

Hoofstuk 6
Die uitgaan ding is 'n geváárlike ding! 25

Hoofstuk 7
Hoe gemaak as ek kláár opgemors het? 30

Hoofstuk 8
Hoe nou vérder? 34

'n Laaste woordjie van Kathy Tolleson. 36

In Afrikaans vertaal deur Isabel Swart

Aan ouers, onderwysers, beraders, pastore en ander geestelike leiers:

Ons kan nie langer kop in die sand steek nie. Dis ONS verantwoordelikheid om ons kinders oor hul seksualiteit in te lig. As ons dit nie doen nie, sal die wêreld dit doen!

As jy dié boek vir jou tiener in die hand gestop het, geséls asseblief met hom daaroor. Al is baie van sy vrae beantwoord, sal hy waarskynlik met talle núwe vrae sit. Die doel van dié boek is bloot om 'n grondslag te lê waarop jy kan voortbou. Daar is egter nog vele ander sake wat kán en móét aangespreek word.

As berader het ek gevind dat die grootste seerkry meermale in hiérdie area lê. Baie mense kry seer blóót omdat hul ouers hulle nooit oor hierdie belangrike onderwerp ingelig het nie!

Ek wil jou ernstig vra om te help dat sovéél as moontlik tieners hierdie boekie in die hande kry. Dit sal hulle twéé keer laat dink, wat 'n impak sal hê op hul keuses - keuses wat die rés van hul lewe kan beïnvloed.

Hos 4:6 *"My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet."*

Nog eksemplare van die boek kan bestel word by Kanaän Bediening:
Kantoorure: Maandag tot Vrydag, 9vm tot 3nm.
Tel: +27(0)21 930 7577, Faks: 086 681 9458
Fisieke adres: John Vorsterlaan 27, Plattekloof Uitbr.1, Panorama, 7500
Posadres: Posbus 15253, Panorama, 7506
Epos: kanaan@iafrica.com, Webwerf: www.kanaanministries.org

Bykomende inligting deur Amanda Buys – Kanaän Bediening:

Inleiding – Die rol van die Pa

God het dogtertjies baie spesiaal gemaak. Hy het aan elkeen van hulle ‘n “gordyntjie” gegee wat bekend staan as die himen, of maagdevlies. Hierdie “gordyntjie” speel ‘n baie spesifieke rol in die hele boodskap van die verbond en die huwelik.

God gee aan die pa van elke klein dogtertjie die verantwoordelikheid om hierdie “gordyntjie” te beskerm tot die dag wat sy getroud is. Solank die “gordyntjie” nog “toe” en in plek is, beteken dit sy is ‘n maagd.

Soos wat kinders groter word en puberteit bereik, is dit die taak van die ouer om hulle te help om die veranderinge op liggaamlike, geestelike en sielsvlak te verstaan.

Onder die Hebreeuse volk van God is daar ‘n baie ou tradisie wat bekend staan as “Bar-Barakah.” Dit beteken: Inisiasie tot Volwassenheid. (Sien boekie beskikbaar by Kanaän Bediening)

Wat hier gebeur, is dat die pa sy seun/dogter eenkant neem en aan hulle verduidelik dat hy voor God ‘n verantwoordelikheid het om hulle rein te hou tot hulle die dag getroud is. Die pa en kind maak dan voor God ‘n verbond met mekaar om rein te bly. Die kind beloof om onmiddellik vir die pa te sê as iemand probeer om die “gordyntjie” te steel of te skeur!

Die seun beloof om homself rein te hou en in elke verhouding hierdie “gordyntjie” te eer en te beskerm tot die dag wat hy getroud is.

As ‘n teken van hierdie verbond koop die pa ‘n duur geskenk wat die kind altyd kan dra om hom/haar aan hierdie belofte te herinner. Vir ‘n dogters kan dit ‘n horlosie, ring, armband, kettinkie, ens wees. Vir ‘n seun is ‘n duur horlosie altyd ‘n goeie idee!

Dan word daar ‘n gróót partytjie gehou om hulle welkom te heet en hul volwasse wording te vier!

DIE SEUN:
Die ma maak haar amptelik/in die openbaar los van die seun sodat hy nou ‘n man kan word. Die pa en ander mans by die geleentheid spreek dan ‘n seën uit oor sy manlikheid en oor sy toekoms, en bekragtig hom nie net as seun nie, maar as man.

DIE DOGTER:
Die pa seën haar en verwelkom haar in haar vrouwees. Die ma en die ander vroue seën haar en ontvang haar as volwaardige vrou.

Hoofstuk 1
Jy's aanmekaargesit met die oog op Seks

Net ingeval jy nie opgemerk het nie: Toe God jou aanmekaargesit het, het Hy séks in gedagte gehad. Ons liggame is as manlik of vroulik ontwerp om tydens seksuele eenwording perfek by mekaar te pas.

Maar eintlik het God baie 'n meer verhéwe doel gehad: Jy is geskape met die oog op 'n verbónd!

Ons seksualiteit is bloot die fisieke uitdrukking van ons verbondsverhouding.

God het nie 'n Adam en Evas, of 'n Eva en Adams geskep nie. Hy het één man vir één vrou geskape. Hy het ons geskep vir verbóndseksualiteit.

Matt.19:4-6 "*En Hy antwoord hulle en sê: Het julle nie gelees dat Hy wat hulle gemaak het, hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie, en gesê het: Om hierdie rede sal die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees wees; sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees? Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie.* "

Kom ons kyk na 'n eenvoudige definisie van 'n verbond: 'n Verbond is 'n belofte of ooreenkoms tussen twee of meer partye om 'n spesifieke ding te doen of nie te doen nie.

In 'n huwelik verwag God dat die man en vrou een vlees sal word en 'n verbond sal sluit dat hulle nie fisiek of selfs in hul gedágtes met enigiemand anders 'n seksuele verhouding sal hê nie. Indien wel, sou hulle egbreuk pleeg.

Die Sewende Gebod in **Eksodus 20:14** verklaar: *"Jy mag nie egbreek pleeg nie."* Die Tiende Gebod in vers 17 verklaar: *"Jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie."*

In **Mattheus 5:27-28** stel Jesus die standaard selfs hoër as Hy sê: *"Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie egbreek nie. Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het."*

Hoofstuk 2
So wat het hierdie Verbondsbesigheid met Seks uit te waai? Geld dit nie net vir die Huwelik nie?

Om jou seksualiteit te kan beskerm, moet jy verstaan hoe dit werk. Nie net die fisieke aspekte nie, maar ook die gééstelike doel waarvoor dit geskape is. As ons nie wéét waarvoor iets bedoel is nie, kan ons dit verkéérd gebruik. Ons kan dit misbruik, of op abnormale maniere gebruik. As ons nie ons seksualiteit vanuit God se perspektief verstaan nie, kan ons lélik droogmaak.

Eerstens moet ons verstaan dat ons liggaam, siel én gees geskape is. Ons siel omvat ons intellek, geheue, emosies en wil. As ons nie verstaan hoe God ons aanmekaargesit het nie, sal ons dink seks is bloot ‘n lyflike besigheid. Maar ons seksualiteit is deel van ons héle wese: Liggaam, siel én gees.

Met ander woorde, as ons ons seksualiteit misbruik, raak dit ons op ‘n geestelike, emosionele, intellektuele én fisieke vlak.

Elke keer wanneer ons ons seksualiteit buite die verbondsverhouding van die huwelik gebruik, kom dit neer op misbruik. Ons gebruik dit op ‘n manier wat God nie bedoel het nie en daar kom skade. Hoe méér ons dit misbruik, hoe gróter is die skade.

Omdat God ons geskape het met die oog op ‘n verbónd, is ons seksualiteit óók geskape vir ‘n verbond. Dis nie Gód wat dit vir ons moeilik gemaak het om seksueel getrou te bly nie - sónde het!

SEKSUELE INDRUKKE:

Toe God jou aanmekaargesit het, het Hy jou seksualiteit soos sagte kerswas gemaak, sodat wanneer jy jou eerste seksuele verhouding met jou man of vrou sou hê, daar ‘n **indruk** op jou **seksuele begeertes** gelaat sou word.

God het dit eintlik maklik gemaak om getrou te bly. Óns het dit moeilik gemaak. Omdat God ons geskape het vir ‘n verbónd, het hy ons seksualiteit so ontwerp dat wanneer ons seksueel intiem is met ons verbondsmaat, **ons vir ewig gemerk sou wees met ‘n begeerte na daardie ervaring.** Só sou dit maklik wees om nie ánder mense of ánder seksuele ervarings te begeer nie.

Die Woord sê in **Spreuke 5:18-19**: *“Mag jou fontein geseënd wees, en verheug jou oor die vrou van jou jeug - die lieflike wildsbokkie en aanvallige steenbokkie; laat haar boesem jou altyd vermaak, mag jy in haar liefde gedurigdeur bedwelmd wees.”*

Wanneer ons ander seksuele ervarings buite die huweliksverhouding koester, raak ons seksuele begeertes ‘n deurmekaarspul, ontkiem gedagtes en gevoelens van ontrouheid, en word ons beroof van seksuele vrede binne die huwelik.

Indrukke word hoofsaaklik op twéé maniere gevorm:

1) Deur ons éérste seksuele ervaring, en
2) Deur herhááldelike ervarings.

Tensy God genesing en herstel bring, sal hierdie ervarings ‘n permanente effek op ons seksualiteit hê. Seksuele indrukke word egter nie net deur seksuele omgang gevorm nie. Dit word gevorm deur énigiets wat op ons seksualiteit betrekking het.

Ons beskerm ons seksualiteit deur nie toe te laat dat ánder seksuele ervarings seksuele indrukke op ons laat nie.

So, dis belangrik om die verbóndsbesigheid te verstaan as jy wil verstaan hoe God jou seksueel aanmekaargesit het.

Hoofstuk 3
Klink goed, maar dis nie hoe die régtige wêreld werk nie.

Die wêreld waarin ons leef, maak dit beslis moeilik om dinge op God se manier te doen. Maar dis nie onmóóntlik nie. God se Woord sê: Géén ding is vir Hom onmoontlik nie **(Lukas 1:37).**

Ons leef in ‘n wêreld waar seksuele reinheid beslis nie die norm is nie. Of dit nou musiek, televisie, flieks, videospeletjies, boeke, advertensies of die lewenstyl van mense rondom ons is, ons word gebombardeer met boodskappe wat indruis teen die Woord van God.

‘n Onlangse studie in Amerika het bevind dat die gemiddelde Amerikaanse tiener op die televisie alleen jaarliks met sowat 14,000 seksuele insidente gekonfronteer word. (Michael Gurian, *The Wonder of Boys,* Tarcher/Putnam)

Hierdie boodskappe sê vir ons dis oraait om seks buite die huwelik te hê; dis oraait om te kyk terwyl ander mense seks het; dis oraait om seks te hê met iemand van dieselfde geslag. Dit sê ook ons moet “sexy” lyk, ruik en optree om goed te voel oor onsself en om deur ander liefgehê en aanvaar te word.

God het elkeen van ons geskep met ‘n behoefte aan liefde en aanvaarding. Maar omdat ons samelewing sy rug op God gedraai het, word daardie behoeftes dikwels nie bevredig nie. Mense wend hul dus tot seksuele verhoudings om daardie behoeftes te vervul. Maar omdat seks nie ontwerp is om in daardie behoeftes te voorsien nie, wérk dit nie. Dan voel hulle selfs méér ongeliefd en onaanvaarbaar, en probeer nóg harder om mooi te lyk, lekker te ruik, “sexy” aan te trek, of ‘n spoggeriger ryding te kry in die hoop dat iemand hulle sal aanvaar en liefhê.

Ons Westerse kultuur het liefde en aanvaarding verwar met seksuele begeerte en intimiteit. Hoewel seksuele begeerte en intimiteit wel ‘n uitdrukking van liefde en aanvaarding binne die verbond van ‘n huweliksverhouding is, is dit bloot één stukkie van die legkaart van ‘n verbondsverhouding.

As jongmense wat vir God ken, het ons ‘n eenvoudige keuse: Gaan ons leef soos wat Gd van ons verwag, of soos ons kultúúr aan ons voorskryf? As ons besluit om te leef volgens Gód se standaarde, kan ons nie langer ons seksualiteit misbruik op maniere waarvoor God dit nooit bedoel het nie…

- Dit is nie bedoel vir gebruik deur ‘n klomp verskillende mense nie.
- Dit is nie bedoel om mee te eksperimenteer nie.
- Dit is nie bedoel vir gebruik buite die huweliksverhouding nie.
- Dit is nie vir ánder mense se oë bedoel nie.
- Dit is nie bedoel sodat ons onssélf sou gebruik nie.

Dit is bedoel vir ‘n verbond.

Wanneer ons besluit om ons seksualiteit uit God se perspektief te sien, en nie uit dié van die wêreld nie, het ons ‘n verantwoordelikheid om ons seksualiteit teen verkeerde boodskappe te beskerm. Om jou seksualiteit teen verkeerde seksuele indrukke te beskerm, is moet jy ten alle koste **die “poorte” van jou ore en jou oë beskerm**. Dit wat jy deur dáárdie poorte laat inkom, kán en sál jou seksueel beïnvloed. Die musiek waarna jy luister, die flieks en TV-programme waarna jy kyk en die gesprekke waarna jy luister - dis alles dinge waaroor jy ‘n besluit sal moet neem. Kies jy om jousélf en jou toekomstige verbóndsverhouding te beskerm?

As tiener is dit maklik om te glo dat dit wat jy doen net vir jóú raak. Maar grootmense wat al lank getroud is, weet dit werk nie so nie.

Enige seksuele ervaring vóór die huwelik het wel dééglik ‘n effek.

‘n Tienerverhouding wat skaars 6 maande duur, kan nog 50 jaar of langer ‘n effek op jou getroude lewe hê. Wat jy vandág doen, raak beslis iemand ánders. Jy’t nou wel nog nie die persoon gesien of ontmoet nie, maar iewers daar buite wag hulle op God se perfekte tydsberekening.

In **Spreuke 3:5** word ons gewaarsku om nie die liefde voor sy tyd wakker te maak nie. As ons ons ore en oë uitleen vir musiek of ander dinge met seksuele sinspelings, begin daar begeertes in ons wakker word waarvoor ons nog nie gereed is nie. Dit kan lei tot gevoelens van wellus, oftewel seksuele begeertes búíte die huweliksverhouding. Wellus is ‘n baie sterk begeerte wat só met ons koppe kan smokkel, dat ons verkéérde besluite neem.

Volgens ‘n onlangse verslag in Amerika het 20% van alle adolessente reeds vóór hul 15e verjaarsdag seksuele omgang gehad. Verder was een uit elke sewe seksueel aktiewe 14-jarige meisies al swanger. **Verkeerde keuses het baie ernstige gevolge**.

Hoofstuk 4
Hoe's ek veronderstel om van Seks uit te vind?

God het jou seksualiteit as 'n baie belangrike deel van jou geskep, daarom is dit bloot natuurlik dat jy méér van seks wil weet soos jy ouer word. Dis dikwels nuuskierigheid wat maak dat jongmense hulself oopstel vir seksuele onreinhede soos 'n Playboy-tydskrif, pornografiese flieks, of eksperimentering met 'n ander persoon.

Hierdie soort blootstelling kan verwarrende en verwronge (verkeerde) boodskappe oor seks oordra. As jy énigsens kan, bespreek liefs jou seksuele vrae met jou ouers of geestelike leiers.

Dikwels het ouers self tydens hul grootword jare verkeerde boodskappe ontvang en is seks vir hulle 'n ongemaklike onderwerp. Party mense word groot met boodskappe soos: Seks is vuil; jy mag nie oor seks praat nie; seks mag net met grootmense bespreek word. Hierdie boodskappe maak dit vir sommige ouers baie moeilik om hul ouerlike plig na te kom en jou oor hierdie belangrike sake in te lig.

Probeer altyd éérs met jou ouers praat. As húlle nie antwoorde het nie, of ongemaklik is met die onderwerp, neem dan 'n ánder volwassene in jou vertroue. Praat met iemand by jou kérk. Vra jou jeugpastoor of hý kans sien om jou vrae te beantwoord, of vra dat hy jou verwys na iemand wat dit wel kan doen.

Jou ouers sal jou waarskynlik een of ander tyd sitmaak vir "die groot gesprek." Hulle sal dalk 'n paar dinge oor seks aan jou verduidelik. Maar dit hoef nie daar te stóp nie. As jy nóg vrae het, vra hulle by 'n ánder geleentheid. Dit is oraait om méér te wil weet.

Skole bied dikwels een of ander vorm van seksonderrig aan. Meestal word net aan die fisiéke, of dalk in 'n mate aan die emosionéle aspekte aandag gegee. Dít is waarom ons hierdie boekie geskryf het: Sodat jy ook die géestelike aspek van jou seksualiteit kan verstaan.

Die boodskappe wat jy van jou kerk of van jou ouerhuis kry, sê dikwels net: "MOENIE!" Hulle sê dis verkéérd, maar hulle sê nie altyd hóékom nie. Dis nie om dowe neute dat God ons beveel om sekere dinge NIE te doen nie. God sê vir ons dinge is verkeerd omdat hy weet dat ons kan séérkry. God wéét hoe Hy ons aanmekaargesit het. Hy wéét hoe ons seksualiteit bedoel is om te werk.

Hy weet dat seks búíte die huwelik dit vir ons moeilik maak om bínne ons verbondsverhouding getrou te bly.

Hy weet dit kan lei tot verwarrende begeertes, gevoelens van skaamte en herinneringe wat ons liefs sou wou wegwens.

Om jou seksualiteit te wil verstáán en nuuskíérig te wees oor seksuele sake, is nie verkeerd nie. Dit raak wél ‘n probleem wanneer jy jou nuuskierigheid bevredig op maniere wat jou seksualiteit blootstel aan onrein seksuele indrukke.

Hoofstuk 5
Waarvan moet ek wégbly, en wáárom?

Kom ons praat oor ‘n paar goed wat ons liefs moet vermy, en die redes daarvoor. Soos reeds gesê, moet ons die versoeking weerstaan om op verkéérde plekke oor seks uit te vind, omdat ons sodoende verkéérde boodskappe kan kry.

MASTURBASIE:

Kom ons praat nou oor **masturbasie**. Eerstens, wat is dit? Dit is wanneer jy jou eie liggaam stimuleer tot jy ‘n orgasme of klimaks bereik. Party mense dink net séúns doen dit, maar dis iets wat meisies óók doen. Dalk het jy by jou mááts daarvan te hore gekom, of dalk het jy dit sélf ontdek.

Daar is verskeie redes waarom jy masturbasie moet vermy. Een daarvan is dat dit **verslawend** kan raak. Vanweë die fisieke ontlading wat daarmee gepaard gaan en die chemikalieë wat in jou brein vrygestel word, het jy ‘n groter en groter drang om dit wéér te doen. Later vind jy dat die geringste ontsteltenis of spanning by jou die drang wek om te masturbeer.

Die meeste tieners dink hulle kan maar laat waai, en dat hulle eenvoudig sal ophou masturbeer die dag as hulle getroud is. Niks kan verder van die waarheid wees nie. Talle volwassenes sukkel selfs ná hul troue met masturbasie. Dit is die **seksuele indruk** wat hulle het, en tot daardie indruk gesúíwer is, sal die drang áltyd daar wees. As jy as tiener daaraan verslaaf raak, sal jy vind dat jy télkens wanneer omstandighede jou ontstel of gespanne maak, die drang het om te masturbeer, selfs al hét jy gereeld seksuele omgang met jou man of vrou.

Hoe kan masturbasie ‘n huwelik knou? Dit laat jou huweliksmaat voel hy of sy is nie goed genóég nie. Dit laat hulle voel daar’s iets met hulle verkéérd en skep gevoelens van verwérping. Verder sê die Woord van God, ons mag nie ons liggame van ons huweliksmaats weerhou tensy ons saam ooreengekom het om dit ter wille van ‘n vastyd te doen nie. Masturbasie maak dit moontlik om vir mekaar kwaad te ráák en kwaad te blý, omdat ons mos sélf ons seksuele behoeftes kan bevredig. As masturbasie nie ‘n opsie is nie, moet ons mekaar vergewe en weer opmaak, want ons het mekaar nodig. Met masturbasie sê jy: “Ek het jou nie eintlik nodig nie.”

Nóg ‘n rede om masturbasie te vermy is dat jy, as jy jousélf seksueel stimuleer, baie meer ontvanklik is om in ‘n seksuele verhouding met iemand ánders betrokke te raak.

Is dit ‘n sónde? Baie mense verskil hieroor, aangesien masturbasie nie spesifiek in die Bybel genoem word nie. Dis nie te moeilik om uit te vind nie: Voel jy skáám daaroor? Sou jy wou hê jou ouers, of mense by die kerk, of jou skoolmaats moet weet?

Sonde gaan altyd gepaard met ‘n gevoel van skáámte, en masturbasie gaan gepaard met skáámte. Toe sonde die Tuin van Eden binnegekom het, het Adam en Eva skáám geword en weggekruip. As ons skáám is oor iets, steek ons dit weg en doen dit in die geheim. Dit gee ‘n redelike goeie aanduiding dat masturbasie wel sónde is. Selfs in die huwelik steek die meeste mense dit vir hul man of vrou weg omdat hulle weet dat dit verkéérd is.

Om jouself seksueel te beskerm, is dit belangrik om wég te bly van masturbasie.

PORNOGRAFIE:

Net so moet jy wegbly van pornografie, omdat dit ook **seksuele indrukke** skep. Dit skep ‘n begeerte na sekere liggaamstipes, na perverse seksuele praktyke, en lei dikwels tot masturbasie.

Kom ons praat nou oor pornografie. Wat is dit? Pornografie is enigiets wat jy visueel sien in tydskrifte, boeke, flieks, video’s, oor die internet, of rekenaarspeletjies wat ander mense op ‘n seksuele manier uitbeeld. Dit kan wissel van blote naaktheid, tot ander mense wat by seksuele dade betrokke is. Dit kan ook betrekking hê op wat jy hoor deur dinge soos musiek, flieks of video’s.

Pornografie stel jou in staat om seksueel gestimuleer te raak sonder die verantwoordelikheid of risiko van ‘n verhouding. Die middelblad-meisie kan jou tog nie verwerp nie. Om ‘n video te kyk verg geen inspanning van jou kant af nie. Daarenteen verg ‘n verhouding en intimiteit werk, opoffering, toewyding en kommunikasie. Al hierdie dinge kan deur die gebruik van pornografie vermy word.

Pornografie word meestal gemaak met die hulp van modelle en akteurs. Hul foute word reggedokter of met grimering verbloem. Spesiale beligting word gebruik. Net die mooistes en aantreklikstes word in diens geneem. Pornografie kan ‘n mens ontevrede maak met die werklikhede van die lewe. Die meeste liggame is glad nie so perfek nie. Niemand kan tog die hele tyd só goed lyk nie.

Iemand wie se seksuele indrukke deur pornografie gevorm is, is gewoonlik nooit gelukkig of tevrede in ‘n normale seksuele verhouding binne die huweliksverbond nie, tensy hy genesing ontvang.

Pornografie beeld dikwels ook perverse seksuele dade uit. Dit skep seksuele indrukke en begeertes wat jou huweliksmaat ongemaklik kan maak. Só iemand moet dikwels sy seksuele begeertes búíte sy huweliksverhouding bevredig, omdat die **pornografiese indrukke** perverse drange in hom wakker gemaak het.

Dis ‘n leuen om te sê ek kan nóú pornografie kyk, maar ek sal ophou sodra ek getroud is. Dit sal stéédś by jou spóók. Jy sal òf voortgaan om in die geheim daarna te kyk omdat jy skáám voel daaroor, òf jy sal gefrustreerd en wrewelig voel omdat jou verbondsverhouding nie jou verkeerde drange kan bevredig nie. Hoe jy ookal daarna kyk, dit sal slégte vrug dra in jou huwelik.

Masturbasie en pornografie is die twee belangrikste goed om te vermy. Maar dis net so belangrik om weg te bly van enigiets anders wat seksuele indrukke skep.

Seksuele indrukke is ‘n krag om mee rekening te hou.

In die volgende hoofstuk kyk ons hoe jy kan wegbly van seksuele indrukke wat spruit uit fisieke verhoudings met ander mense. Sulke verhoudings skep ook seksuele indrukke.

Hier is ‘n voorbeeld: Gestel jy het vroeër uitgegaan met ‘n donkerkop met ‘n sekere tipe gelaatstrekke. Vroeër of later het julle seks. Nou is jy getroud. Jou man of vrou het ligte hare en ánder gelaatstrekke. Jy’s lief vir hom/haar en wil graag by hom/haar wees, maar nou voel jy steeds aangetrokke tot donkerkoppe met daardie tipe gelaatstrekke. Hoekom? Omdat daardie verhouding seksuele indrukke by jou gelaat het. Jy was in ‘n válse verbond met die verkeerde persóón op die verkeerde týd. Al raad is dat God jou lewe sal núút maak, maar meer hieroor later.

Addisionele inligting deur Kanaan Bedieninge:

Hoe vêr is te vêr? Hoe vêr kan ek gaan?

Bybel-Terme Gedefinieer (As gevolg van 'n gebrek aan Afrikaanse woorde verwys ons na die skrif en verduideliking in die AMP en KJV)

Kom ons kyk wat sê God in Sy Woord:

1 Thessalonians 4:3-5
*"3 For this is the will of God, that you should be **consecrated** (separated and set apart for pure and holy living): that you should **abstain** and shrink from all **fornication** (sexual vice),*
*4 That each one of you should **know how to possess (control, manage) his own body in** consecration (**purity**, separated from things profane) and **honor**,*
*5 **Not [to be used]** in the **passion of lust (concupiscence)** like the heathen, who are ignorant of the true God and have no knowledge of His will,"*

Colossians 3:4-5
"4 When Christ, Who is our life, appears, then you also will appear with Him in [the splendor of His] glory.
*5 So kill (deaden, deprive of power) the evil desire lurking in your members [those animal impulses and all that is earthly in you that is employed in sin]: **fornication** (sexual vice), impurity, sensual appetites, unholy desires, and all greed and **covetousness**, for that is idolatry (the deifying of self and other created things instead of God)."*

1. Seks buite die Huwelik?

Wat is die betekenis van "Fornication" (volgens die Encarta Woordeboek)?

Sexual intercourse between a man and woman who are not married, or any form of sexual behaviour considered to be immoral.

Fornication:
- Greek word: pornea (pornography)
- To indulge unlawfully outside of a limit that has been set by God.
- Idolatry + harlotry + fornication = root word: pornea

Afgodery (Idolatry):

Gal. 5: 19-21 *"19 Now the doings (practices) of the flesh are clear (obvious): they are immorality, impurity, indecency,*
*20 **Idolatry**, sorcery, enmity, strife, jealousy, anger (ill temper), selfishness, divisions (dissensions), party spirit (factions, sects with peculiar opinions, heresies),*

21 Envy, drunkenness, carousing, and the like. I warn you beforehand, just as I did previously, that those who do such things shall not inherit the kingdom of God."

- to put something before God
- substitute for God
- substituting for the real activity or thing
- An idol is not God – it is something in a person's mind that looks like God.

Hoerery (Harlotry):

Ezekiel 23: 8 *"8 Neither has she left her **harlotries** since the days of Egypt [from where she brought them], for in her **youth men there lay with her** and **handled her girlish bosom**, and they **poured out their sinful desire upon her**."*

Ezekiel 23:3
3 And they played the harlot in Egypt. There they played the harlot in their youth; there their **bosoms were pressed** and there their virgin **breasts were handled**.

Definisie:
- involved in activity outside of God's limits

Egbreuk (Adultery):

Greek word has the same root as the word "mine" – showing ownership.

Definisie:
- to set your affections (e.g., romantic gift or ability) on that which is not yours or that to which you do not belong.

James 4:4 *"4 You [are like] **unfaithful wives** [having illicit love affairs with the **world** and **breaking your marriage vow to God**]! Do you not know that being the **world's friend is being God's enemy**? So whoever chooses to be a friend of the world takes his stand as an **enemy of God**."*

SIT JY JOU HOOP EN AANGETROKKENHEID MEER OP DIT WAT VAN GOD AF KOM OF DIT WAT VAN DIE WêRELD AF KOM?

Seks voor die huwelik = egbreuk na die huwelik.

As jy nie getrou is aan jou huweliksmaat voor die huwelik nie, hoe sal jy teen die versoekinge van hierdie wêreld kan staan nadat jy getroud is en julle gaan deur 'n moeilike tyd? Jy is besig om jouself te leer dat sodra dinge moeilik raak dan moet jy uit die verhouding uit kom.

Die wêreld leer ons dat al waaroor dit gaan is die gevoel van liefde en verlief wees, liefde met die eerste oogopslag, ens. As Jesus Sy gevoelens gevolg het, sou Hy nooit op die Kruis gesterf het vir ons sondes nie! Hy het vir God gevra dat die beker verby Hom moet gaan.

As verliefdheid slegs oor die uiterlike gaan – hoe sal jy verlief en lief bly vir jou lewensmaat wanneer hy/sy ouer word? Jy moet verlief raak en lief word op jou lewensmaat se hart.

Dit is natuurlik dat ons as jong mense wel aangetrokke sal voel tot mekaar – dit is heeltemal reg. Dit is hoe die "chemie" tussen twee mense in elk geval begin. Die punt wat ons probeer maak is dat wanneer die aangetrokkenheid en "chemie" daar is – hoe vêr is te vêr?

Wat sê die Here?

1 Samuel 16:7
"7 …For the Lord sees not as man sees; for man looks on the outward appearance, but the ***Lord looks on the heart****."*

Natuurlik gee die Here vir ons emosies en Hy wil hê dat ons ons lewensmaat moet liefhê, maar die vyand wil liefde goedkoop maak. Elke keer wat jy jou hart aan iemand gee en jy kry seer, bou jy mure om jou hart om jouself te beskerm teen verdere verwerping. Die resultaat sal wees dat jy nie in staat sal wees om jou lewensmaat ten volle te kan vertrou met jou hele hart nie – jy sal dele van jou hart toegesluit hou omdat jy vrees dat jy weer sal seerkry en dit kan groot implikasies hê in jou huwelik.

MAAR ALMAL DOEN DIT DAN, HOEKOM KAN EK NIE?

Vriendskap met die wêreld is vyandskap met God. Jy het die wêreld gekies waar jy as kind van God nie hoort nie.

1 Thess. 4: 3-7 *"3 For this is the will of God, that you should be* ***sanctified*** *(separated and* ***set apart*** *for pure and holy living): that you should abstain and shrink from all sexual vice,*
4 That each one of ***you should know how to possess*** *(control, manage)* ***his own body*** *in* ***sanctified*** *(purity, separated from things profane) and honor,*
5 ***Not [to be used] in the passion of lust*** *like the heathen, who are ignorant of the true God and have no knowledge of His will,*
6 That no man transgress and overreach his brother and defraud him in this matter or defraud his brother in business. For the Lord is an avenger in all these things, as we have already warned you solemnly and told you plainly.
7 For God has not called us to impurity but to consecration [to dedicate ourselves to the most thorough purity]."

It is God's will that you should:

- be **sanctified (set apart / holy)** and should avoid sexual immorality.
- **learn to control your own body** in a way that is **holy and honourable** – **not lustful**.

As jy hierdie bevel van God verwerp, dan verwerp jy God Wie vir jou die Heilige Gees gegee het.

Jy moet die koste om Christus te volg bereken en moenie die feit dat jy 'n Christen is ligtelik opneem nie.

Hierdie gee vir ons 'n baie reguit antwoord op seks voor die huwelik! NEE!!!

2. Wat dan van warm vryery en orale seks? Dis mos nie seks nie!

Kom ons kyk na die betekenis van 'n paar moeilike woorde wat in die Bybel staan en wat hulle beteken:

Lasciviousness / licentiousness

Jude 4 *"4 For there are certain men crept in unawares, who were before of old ordained to this condemnation, ungodly men, turning the grace of our God into **lasciviousness**, and denying the only Lord God, and our Lord Jesus Christ."*

Definisie:
- stirring up desires which cannot be satisfied within God's limits.
- Excess or too much
- Going beyond
- Having no limits or boundaries
- To let yourself go

Concupiscence / covetousness:

Rom.7:8 *"8 But sin, taking occasion by the commandment, wrought in me all manner of **concupiscence**. For without the law sin was dead."*

Col. 3:5 *"5 Mortify therefore your members which are upon the earth; fornication, uncleanness, inordinate affection, evil **concupiscence**, and **covetousness**, which is idolatry:"*

1 Thes. 4: 3-5 *"3 For this is the will of God, even your sanctification, that ye should abstain from fornication:*
4 That every one of you should know how to possess his vessel in sanctification and honour;
*5 Not in the **lust** of **concupiscence**, even as the Gentiles which know not God:"*

Definisie:
- having an abnormally strong desire or appetite in the area of sexuality
- If you have a situation where you cannot control your thinking or something keeps coming up
- Hung up on or preoccupied by guys/girls.
- Need to have a boyfriend or girlfriend

LUST – concupiscence: strong desire that's gotten behind your control.

ONS BEGEERTES MOET NA DIE HERE WEES!!

Sensuality:

2 Cor. 12:21 *"21 And lest, when I come again, my God will humble me among you, and that I shall bewail many which have sinned already, and have not repented of the **uncleanness** and **fornication** and **lasciviousness** which they have committed."*

James 3: 15 *"15 This wisdom descendeth not from above, but is earthly, **sensual**, devilish."*

Jude 19 *"19 These be they who separate themselves, **sensual**, having not the Spirit."*

1 Peter 2:11 *"11 Beloved, I implore you as aliens and strangers and exiles [in this world] to abstain from the **sensual** urges (the evil desires, the passions of the flesh, your lower nature) that wage war against the soul."*

Definisie:
- the planned appeal to your physical senses for selfish gratification or occupation with bodily / sexual pleasure (flirting).
- [Pleasure should never be a reason or motivation for living.]
- To live for your physical senses; e.g., drugs, sex, music, dance, heavy petting (for feeling)

Defrauding:

Leviticus 19:13 *"13 You shall not **defraud** or oppress your neighbor or rob him…."*

Col. 2: 17-19 *"17 Such [things] are only the shadow of things that are to come, and they have only a symbolic value. But the reality (the substance, the solid fact of what is foreshadowed, the body of it) belongs to Christ.*

*18 Let no one **defraud** you by acting as an umpire and declaring you unworthy and disqualifying you for the prize, insisting on self-abasement and worship of angels, taking his stand on visions [he claims] he has seen, vainly puffed up by his sensuous notions and inflated by his unspiritual thoughts and fleshly conceit,*
19 And not holding fast to the Head, from Whom the entire body, supplied and knit together by means of its joints and ligaments, grows with a growth that is from God."

- to use / take advantage of / to deceive
- if you do not have the intention to have a long-term relationship with someone
- using other person for your selfish ends – not open and honest

So, hoe ver kan jy dan met jou kêrel of meisie gaan voor die huwelik?

Sex before marriage	WRONG
(What is sex as such: When penetration takes place and both get an orgasm.)	
Point just before that: penetration is not necessary to get an orgasm	STILL WRONG: you cannot control yourself.
Next point: making love – going to point of orgasm with clothes	WRONG
Next: nakedness & petting not to the point of orgasm	WRONG: Your body is only to be viewed by one person.
Next point: underwear – there is a slight difference between underwear and a bikini	WRONG: Not HOLY & SET APART for God
Next point: full clothing and petting	WRONG: body only meant for husband to touch.

DUS: GEEN BETASTING – dit gaan jou seksueel prikkel en dit is 'n daad van intimiteit.

3. Wat van net betasting van borste en soen?

Ezek. 23:8 *"8 Neither has she left her harlotries since the days of Egypt [from where she brought them], for in her youth **men there lay with her** and **handled her girlish bosom**, and they **poured out their sinful desire upon her**."*

Ezek 23:3 *"3 And they played the harlot in Egypt. There they **played the harlot in their youth**; there their **bosoms were pressed** and there their **virgin breasts were handled**."*

God does not take this lightly. He equals these actions to harlotry.

Is kissing just an intimate act of being together OR is it being sexually arousing?

Song of Solomon 4:11 "*11 Your lips, O my [promised] bride, drop honey as the honeycomb; **honey and milk are under your tongue**."*

God sees French kissing as part of foreplay! It causes desires and longings in you for something more! It breaks down your defences.

It is God's will that we will be SANCTIFIED – controlling our own bodies.

We were made to have sex, so now the core of our being needs to submit under our will. BUT the fact that we are sexually right does not mean we should be unholy or sexually immoral!

So wat sê jy nou eintlik vir my?

Galatians 5:18-21 *"18 But if you are **guided (led) by the [Holy] Spirit**, you are not subject to the Law.*
*19 Now the **doings (practices) of the flesh** are clear (obvious): they are immorality, **uncleanness** (impurity), **lasciviousness** (indecency),*
20 Idolatry, sorcery, enmity, strife, jealousy, anger (ill temper), selfishness, divisions (dissensions), party spirit (factions, sects with peculiar opinions, heresies),
*21 Envy, drunkenness, carousing (partying), and the like. I warn you beforehand, just as I did previously, that **those who do such things shall not inherit the kingdom of God**."*

Uncleanness:
- **contamination**, pollution, **impurity** (opposite of purity)

Lasciviousness:
- showing a desire for, or unseemly interest in, sex
- **provoking or exciting lust**

1 Thessalonians 4:4-5 *"4 That **each one of you should know** how to **possess** (**control**, **manage**) **his own body** in **consecration** (**purity**, **separated from things profane**) and **honor**,*
*5 **Not [to be used] in the passion of lust** like the heathen, who are ignorant of the true God and have no knowledge of His will,"*

1 Peter 2:9-11 *"9 But **you are a chosen race**, a **royal priesthood**, a **dedicated nation**, **[God's] own purchased**, **special people**, **that you may set forth the wonderful deeds** and **display the virtues** and **perfections** of **Him Who called you** out of darkness into His marvelous light.*
*11 Beloved, **I implore you** as strangers and exiles [in this world] to **abstain from the sensual urges** (the **evil desires**, the **passions of the flesh**, your lower nature) that **wage war against the soul**."*

1 Corinthians 6:18 *"18* ***Shun immorality*** *and* ***all sexual looseness*** *[****flee*** *from* ***impurity*** *in* ***thought****,* ***word****, or* ***deed****]. Any other sin which a man commits is one outside the body, but* ***he who commits sexual immorality sins against his own body.****"*

If what you are doing is even bringing up a thought of impurity into your mind, you should abstain and flee from it. You must decide where you can draw the line, based on this principle. If you are stimulated sexually without being able to go through with it (which you are not able to), it is sin.

MITES wat ons glo:

1. I need someone because I'm lonely.

WAARHEID:
No one will ever be able to fill the gap only God can fill. Singleness is a time where you can grow in your relationship with God and become the best spouse you can be for your husband / wife to be.

2. I have to date a lot of guys / girls.

WAARHEID:
God is in control! If you trust in Him, He'll give you the right person!

3. There is no ideal man / women.

WAARHEID:
God has someone specific in mind for you who will complement and strengthen every gift, talent and ability that you have!

4. Missionary dating – if he is not spiritually more mature than you: STAY AWAY!!!

WAARHEID:
God made a woman to be subject to her husband. The man must lead the woman. A woman will struggle to be happy and will be frustrated when she has to take the spiritual responsibilities for her children that are not hers. It causes tension, because God did not make her that way.

5. If we both feel the same about the level of seriousness / lack of seriousness, it's okay – you're not hurting each other.

WAARHEID:
You are playing with someone else's spouse to be!

AS ENIGE VERHOUDING VEROORSAAK DAT JY JOU GELOOF IN DIE HERE VERLOOR DAN IS DIE VERHOUDING DEFINITIEF NIE VAN DIE HERE NIE!

VRAAG: "Wat sê die Bybel oor flirtasie?"

ANTWOORD: The Bible does not specifically talk to us about whether or not flirting is wrong, so what we should do is examine the definition of flirting. According to Merriam-Webster, flirting is: a) to behave amorously without serious intent, or b) to show superficial or casual interest or liking. It is synonymous with the word "trifle," which is something of little value. The next thing we should examine is what people are usually trying to accomplish when they flirt. Are they trying to get attention from others, whether it is negative or positive? Are they attempting to show sexual interest or attraction? Do they see it as "innocent fun," even if they or the other person is involved with someone else, even married?

Having casual contact with someone while purposely entertaining sexual undertones can be dangerous for us spiritually. Although most people believe that as long as nothing physical takes place, what goes on in our minds is irrelevant, the Bible tells us otherwise. "But I say, anyone who even looks at a woman with lust in his eye has already committed adultery with her in his heart. So if your eye – even if it is your good eye – causes you to lust, gouge it out and throw it away. It is better for you to lose one part of your body than for your whole body to be thrown into hell" **(Matthew 5:28-19).**

Sin begins in our minds and then moves to our hearts. **Matthew 12:35** tells us that "A good person produces good words from a good heart, and an evil person produces evil words from an evil heart." It is a fact that whatever we surround ourselves with, whatever we indulge ourselves in, and whatever we fill our minds with is what we will become. This is why **Philippians 4:8** says, *"Fix your thoughts on what is true and honorable and right. Think about things that are pure and lovely and admirable. Think about things that are excellent and worthy of praise."*

Although flirting is almost always described as "harmless," it rarely, if ever, actually is. The first thing to consider is what people generally think about those who flirt. A woman who flirts, for example, will develop a reputation for herself as being promiscuous. She will find that other women look at her as a threat and take an instant disliking to her. A man who flirts will be viewed as a womanizer who is not interested in serious relationships. Anyone who flirts may enjoy the attention, but the interest shown to that person is almost exclusively sexual, and will probably lack any sense of respect.

The Bible tells us that we are to be a good example, showing others the love of Christ through our behavior **(Ephesians 5:1-2).** It is possible that a man or woman who is being flirted with has been struggling with lustful thoughts themselves. When a person of the opposite sex is hanging on them, winking at them, touching them, or showing off their body to them, it will make the person's struggle all the more difficult. The Bible strongly warns us against tempting others to sin **(Matthew 18:7).**

We should do all we can to bring others into God's Kingdom and never do anything that would cause a person to stumble in their Christian walk **(Romans 14:21). 1 Corinthians 10:31** reminds us, *"Whatever you eat or drink or whatever you do, you must do all for the glory of God."*

Wat sal ek baat deur myself te onthou van seksuele sondes? Hoekom moet ek hierdie moeilike paadjie kies?

Ons wil jou bemoedig met die Woord:

2 Timothy 2:19-22 *"19 But the firm foundation of (laid by) God stands, sure and unshaken, bearing this seal (inscription): The Lord knows those who are His, and,* ***Let everyone who names [himself by] the name of the Lord give up all iniquity and stand aloof from it.***
20 But in a great house there are not only ***vessels of gold and silver****, but also [utensils] of* ***wood and earthenware****, and* ***some for honorable and noble [use]*** *and* ***some for menial and ignoble [use].***
21 So ***whoever cleanses himself [from what is ignoble and unclean****, who* ***separates himself from contact*** *with* ***contaminating*** *and* ***corrupting influences****] will [then himself] be a vessel set apart and useful for honorable and noble purposes, consecrated and profitable to the Master, fit and ready for any good work.*
22 ***Shun youthful lusts*** *and* ***flee from them****, and* ***aim at and pursue righteousness*** *(all that is* ***virtuous*** *and* ***good****,* ***right living****,* ***conformity to the will of God*** *in* ***thought****,* ***word****, and* ***deed****); [and aim at and pursue] faith, love, [and] peace (harmony and concord with others) in fellowship with all [Christians], who call upon the Lord out of a pure heart."*

If you cleanse yourself from youthful lusts and flee from them, you will be a vessel set apart for honourable and noble purposes!

The choice is yours! You can be a vessel of gold or silver used for honourable and noble purposes or a utensil of wood and earthenware used for menial (unskilled, boring, basic) and ignoble (dishonourable, immoral, low) use.

Maar wat as ek dan alreeds 'n fout gemaak het?

God promises that He will restore the years that the locusts have eaten! He's just looking for a willing, remorseful heart and for a people who will take a stand against the immorality in this world! Someone who will choose to go against the stream and walk in purity, who will shun youthful lusts and flee from them and cleanses himself from what is ignoble and unclean, who separates himself from contact with contaminating and corrupting influences!

May you choose this difficult, but very rewarding journey!

Hoofstuk 6
Die uitgaan ding is ‘n geváárlike ding!

In ons kultuur is uitgaan die “in” ding. Jongmense begin op ‘n ál vroeër ouderdom uitgaan. Selfs bógsnuiters praat al van uitgaan.

Dieselfde Amerikaanse verslag waarna ons in Hoofstuk 3 verwys het en waarin genoem word dat 20% van alle tieners onder die ouderdom van 15 al seks gehad het, bevind dat ongeveer ‘n kwart van die 12-14 jariges uitgegaan het met iemand twee jaar ouer as hulself. Die verslag bevind verder: Hoe groter die ouderdomsverskil, hoe groter die waarskynlikheid dat die verhouding tot séks sal lei.

Ouers, neem kennis! Volgens die studie moet ‘n een-tot-een uitganery ontmoedig word en moet ‘n mens ligvoet wees vir aansienlike ouderdomsverskille.

So, wat is “uitgaan” nou eintlik? Uitgaan is wanneer twee jongmense besluit hulle hóú van mekaar en wil graag méér tyd saam deurbring. Daar is **twéé soorte uitgaan**. Die eerste is wanneer julle iets saam doen om te sien of julle genoeg van mekaar hou om in die toekoms méérmale saam uit te gaan. Basies toets julle mekaar net uit. Dan is daar “vas uitgaan,” wanneer tweetjies begin ernstig raak. Julle besluit julle hou genoeg van mekaar om die héle tyd net in mekáár se geselskap te wees en nie met ánder mense uit te gaan nie.

Die Bybel sê niks oor uitgaan nie. Dis iets wat net in ons (Westerse) kultuur beoefen word. Dis ook geváárlik, want in werklikheid is dit net ‘n oefenlopie vir ‘n egskeiding.

Uitgaan is een van die redes waarom ons so ‘n hoë egskeidingsyfer het.

Nagenoeg 50% van alle huwelike eindig in die skeihof. Dit beteken een uit elke twee huwelike loop uit op ‘n egskeiding.

Vroeër was die egskeidingsyfer vir Christene minder as dié vir nie-Christene. Nou is dit basies dieselfde. Christene skei net soveel as nie-Christene. Ook dié syfer is aan die toeneem.

Nou hoekom is uitgaan ‘n oefenlopie vir ‘n egskeiding? Want ons maak beloftes of ondernemings aan ‘n ander persoon wat neerkom op ‘n soort verbónd, en dan verbréék ons dit. Afhangende van hoeveel keer ons uitgaan, kan ons selfs nog vóór ons die dag trou al tálle kere so ‘n ooreenkoms verbreek. Pleks dat ons leer om probleme en geskille deur te werk, leer ons om eenvoudig weg te stap sodra daar probleme opduik. Met harte wat voortdurend hunker na die opwinding van ‘n nuwe verhouding, is dit vir ons moeilik om tevrede te wees met die aandag van net één persoon.

‘n Mens kan verstaan waarom jongmense wat uitgaan, op die ou end uitmaak. Hulle is eenvoudig te jonk om so ‘n verbintenis na te kom. Hulle is nog nie gerééd om hulself lewenslank tot net één persoon te verbind nie.

Uitgaan is ook gevaarlik, omdat uitmaak jou vertroue skend en verwerping meebring. Hierdie gevoelens kan probleme skep in ‘n huweliksverhouding. Jou vertroue word geskend wanneer die persoon met wie jy uitgaan, jou los vir iemand anders. Jy voel verwerp wanneer goed gesê word soos “ek hou nie meer van jou nie; ek hou meer van iemand anders.”

Nog ‘n rede waarom uitgaan gevaarlik is, is omdat dit intimiteit skep vóór daar ‘n verbond is, terwyl God bedoel het dat intimiteit eers ná ‘n verbond moet plaasvind.

As ‘n mens té veel tyd in mekaar se geselskap deurbring en jou tot die ander een verbind, lei uitgaan gewoonlik tot een of ander vorm van fisieke intimiteit in die vorm van ‘n soenery, ‘n drukkery of ‘n vattery. Onthou net, God se Woord waarsku dat ons nie die liefde vóór sy tyd moet wakker maak nie!

Op hierdie punt gebeur daar gewoonlik een van twéé dinge: Òf julle maak uit en jy voel **verwerp** en jou **vertroue word geskend**, òf julle raak fisiek ál meer intiem by mekaar betrokke.

Dit lei tot seksuele dade en/of werklike seksuele omgang. Baie jongmense bluf hulself. Hulle dink omdat hulle nie werklik séks gehad het nie, is hulle nie seksueel aktief nie. Niks kan verder van die waarheid wees nie.

Seksuele drange kan ook sónder seksuele omgang bevredig word. Dit lei áltyd tot verkeerde seksuele indrukke.

Sommige volwassenes vind dit moeilik om seksueel opgewek te raak in die veiligheid van hul huweliksbed, omdat hul seksuele aktiwiteite as tieners gekoppel was aan **ongewone plekke en die vrees om uitgevang te word**. Hierdie opwinding sorg vir ‘n verdere dimensie as gevolg van die adrenalien wat deur hul eie liggame afgeskei word. Dit laat hulle met ‘n **seksuele indruk** wat beteken dat hulle selfs as volwássenes daardie tikkie opwinding nodig het om seksueel opgewek te raak. Die uiteinde is ‘n onvergenoegde huweliksverhouding.

Ralle tieners gebruik boonop **dwelms en alkohol** wat hul selfbeheersing aftakel en dit vir hulle onmóóntlik maak om “Néé” te sê. Dit kan maak dat selfs tieners wat miskien nooit eens seksueel aktief wóú wees nie, instem tot seks. As volwassenes het hulle dan stéédsalkohol of dwelms nodig om seks te kan hê. **Hul seksuele indrukke is gevorm deur die gevoelens wat met alkohol en/of dwelms gepaard gaan.**

Uitgaan is gevaarlik, want dit lei tot **diefstal**. God háát diefstal. As ons iemand van sy **maagdelikheid** beroof, beroof ons sy toekomstige man of vrou. As ons iemand se **hart** breek, beroof ons sy toekomstige man of vrou.

As ons iemand se **vertroue skend**, is dit so goed ons het hom én sy toekomstige man of vrou beroof.

As jy in jou hart weet dat jy rééds iemand beroof het, bely dit. Vra God om jou te vergewe en herstel te bring vir die ander persoon. Dit kan selfs nodig wees om iemand met wie jy uitgegaan het, of by wie jy fisiek betrokke was, te gaan vra om jou te vergewe. Laat God jou hierin lei.

Dit kan jou ook beroof van die reinheid en besondersheid van ‘n lank verwagte huweliksdag en huweliksnag. As jy uiteindelik die maat ontmoet wat God vir jou bestem het, kan jy bitter spyt wees dat jy reeds ‘n deel van jouself aan ‘n ánder persoon gegee het, of hoegenaamd ‘n ander persoon kon sóén, of jou liefde aan ‘n ander kon verklaar het.

Tot ons gereed is om ons vir ‘n leeftyd te verbind, is verliefdheid niks anders as ‘n leuen nie.

Ons kan omgee vir ‘n ander persoon, saam pret hê, en hul toelaat om ons behoeftes te bevredig, maar ware liefde is bereid om ‘n verbónd te sluit.

Net soos God se liefde vir ons Hom gelei het om ‘n éwige verbond met ons te sluit, moet ware liefde volwasse genoeg wees om tot ‘n verbónd oor te gaan.

Dit bring ons by ‘n paar baie belangrike vrae:

Hoe kan ek pret hê as ek nie uitgaan nie? Jy kan pret hê deur dinge in die veiligheid van ‘n gróép te doen. In s ‘n omgewing kan jy leer om met die teenoorgestelde geslag reg te kom sónder om jou aan net één persoon te moet verbind. Jy kan dalk selfs méér pret hê omdat jy nie met al die emosionele probleme en besluite van ‘n ernstige verhouding opgeskeep sit nie!

Baie mense voel as volwassenes hulle is van iets beroof omdat hulle destyds as tieners in ‘n seksuele verhouding betrokke geraak het. Terwyl hul vriende daarop uit was om pret te hê, het hulle geleef met die vrees van swangerskap, vrees dat iemand sal uitvind en skaamte oor wat hulle gedoen het. Hulle voel dat hulle te gou moes groot word. Soms probeer hulle as volwassenes daarvoor kompenseer deur ‘n egskeiding te kry sodat hulle weer kan uitgaan en pret hê. Maar dan’s dit te láát.

Hoe sal ek óóít die regte persoon vind as ek nie uitgaan nie? Jy hóéf nie! Jy kan dít maar aan die Here oorlaat. Hy’t jou gemaak en Hy weet wat die béste vir jou is. Wanneer die tyd reg is, sal Hy in jou hart fluister en sal jy weet: “Dís die een wat Ék vir jou uitgesoek het!”

Wanneer God iets op aarde doen, is daar áltyd ‘n geestelike getuienis. Hy bevestig iets deur die mond van twee of drie getuies. Jy kan God vertrou om hierdie saak deur ánder mense in jou lewe te bevestig.

Wanneer God iets op aarde doen, bring dit vreugde en vrede. Jy én jou geestelike familie sal vreugde en vrede ervaar. God se Woord sê ook daar is veiligheid in vele raadgewers. Deur bevestiging te kry van jou ouers, pastore of ander geestelike leiers, beskerm jy jouself teen ‘n fout waarvoor jy dalk die rés van jou lewe sal betaal.

‘n Verkéérde besluit kan lei tot ‘n moeilike of ongelukkige huwelik, of selfs ‘n egskeiding. Albei sal jou dúúr te staan kom. Vertrou eerder dat God en die geestelike gesag in jou lewe jou met hierdie besluit sal help.

Huweliksberaders sal jou kan sê dat talle mense met huweliksprobleme reeds vóór hul troue deur iemand gewaarsku is dat hulle ‘n fout maak. Die meeste van dié wat ten spýte van die waarskuwings van ouers of pastore met die verhouding voortgaan het, se huweliksbootjies het gewankel.

Ons kan ‘n verkeerde keuse maak as ons iets te gráág wil hê, of wanneer ons iets om die verkéérde redes wil hê.

- As ons voel ons het iemand nodig om ons goed oor onsself te laat voel, is dit ‘n verkeerde rede.
- As ons iemand nodig het om ons veilig en vol selfvertroue te laat voel, is dit ‘n verkeerde rede.
- As ons iemand soek sodat ons nie alleen sal wees nie, is dit ‘n verkeerde rede.

Daar is hope verkéérde redes waarom mense trou. Die enigste régte rede is as God sê: “Dit is die týd, en dit is die één.”

HOFMAKERY:

As God gepraat het (moenie bekommerd wees nie, as Hy met jóú kan praat, kan Hy ook met die ánder persoon praat!) en jy het ‘n geestelike getuie, is dit tyd om met die voorbereidingsproses vir die huwelik te begin. Sommige mense noem dit die hofmakery, wat die volgende stap is tot ‘n verlowing. Dit is die tyd wanneer jy begin bou aan émosionele en géestelike intimiteit, terwyl fisíéke intimiteit steeds wag tot ná die huweliksverbond. Dit is ‘n tyd om mekáár en mekaar se familie en vriende op ‘n meer intieme vlak te leer ken.

Tydens die hofmaakproses is dit steeds belangrik om te kan rekenskap gee van jou verhouding. Gebruik dié tyd om voorhuwelikse berading en inligting te bekom wat jou kan help om ‘n beter verhouding te hê.

Ons beveel graag die volgende boek aan: *I Kissed Dating Goodbye* deur Joshua Harris. Dit is ‘n uitstekende boek wat jou kan help om hierdie area van jou lewe aan die Here oor te gee.

As jy besluit uitgaan is nie vir jou nie oor al die gevare wat dit inhou, is dit een van die béste besluite wat jy óóít sal neem. So sal jy nie net jouself beskérm nie, maar jouself ook fisiek, emosioneel, seksueel en geestelik vir jou verbondsmaat bewáár. Dit sal egter nie máklik wees nie, veral oor die kultuur waarin ons leef.

Kry dus vir jou ‘n goeie ondersteuningstelsel van vriende en mense wat vir jou sal bid en jou sal aanmoedig om by jou besluit te hou. Lees goeie boeke en luister na boodskappe wat jou sal oortuig van die voordele van jou besluit.

Onthou ook, omdat dit Gód se manier is, en nie die wêreld se manier nie, sal Hý jou ondersteun met sý genade en liefde. As jy versoek word, beroep jou net op die krag van sy Heilige Gees en Hy sal jou help!

Hoofstuk 7
Hoe gemaak as ek kláár opgemors het?

Dalk het jy terwyl jy dié boek lees, besef dat jou seksualiteit reeds ‘n knou gekry het. Dalk is jy as kind gemolesteer of seksueel misbruik. Dalk gebruik jy reeds masturbasie om jou seksuele drange te bevredig. Dalk is jy blootgestel aan pornografie. Dalk was jy reeds betrokke by fisieke intimiteit soos ‘n vryery of ‘n vattery, of ‘n seksuele verhouding in die vorm van seksuele omgang of orale seks. Dalk was dit iets eenvoudigs soos om as kind jou klere uit te trek en dokter-dokter te speel. Of dalk is dit iets wat nie eens hier genoem word nie.

Maak nie saak wat dit is nie, in Jesus Christus is daar hóóp. Jy’s dalk innig spyt oor jou seksuele verlede, maar in Jesaja 61:3 staan daar: Jesus gee vir ons ‘n sieraad vir as, en vreugde-olie vir treurigheid! Daar is sóveel skrifgedeeltes wat ons verséker dat Hy ons kán genees, kán herstel (nuut maak tot ons oorspronklike toestand) en kán vrymaak (alles terugkry wat van ons gesteel is).

Hierdie hoop is egter geen verskoning om sonde te doen nie. In Hebreërs 10:26 lees ons: *“Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie.”* Ons kan nie net willens en wetens aanhou sondig in die verwagting dat God se vergiffenis en genade genoeg sal wees nie. Ons sal verséker die gevolge dra. Hebreërs 10:29 sê as ons dié dinge doen, vertrap ons die Seun van God, minag ons die bloed waardeur ons gereinig is en beledig ons die Gees van genade. Dit is voorwaar ‘n érnstige saak!

Maar as ons in opregte berou na Hom draai, is die Bloed van Christus daar om ons skoon te was van ons sondes van die verlede, sowel as enige toekomstige sondes. Hy’s ons Verlosser en Geneesheer. Die Woord van God verklaar in 2 Korinthiërs 5:17, *“Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.”* As dit vir God moontlik is om vir ons ‘n nuwe hart, ‘n nuwe verstand en ‘n nuwe siel te gee en ons liggame gesond te maak, kan Hy verséker ons seksualiteit nuut maak. As ons opreg jammer is oor ons seksuele sondes (m.a.w. geheel en al ons rug daarop draai) en Hom vra om ons héél te maak, kan Hy ál die duike uitklop en ons seksualiteit weer skóón en núút maak.

God neem nie net ons sónde weg nie - Hy neem ook die skánde weg. Al het jy fisies jou maagdelikheid verloor, kan God jou géestelike maagdelikheid en reinheid herstel. Jesaja 65:7 verklaar: *“In plaas van julle skande ontvang julle 'n dubbele deel!”*

Dalk moet jy die skande van iemand ánders se sonde met jou saamdra. As jy gemolesteer, verkrag of misbruik is, beteken dit iemand anders het teen jóú gesondig. Dit was nie jóú sonde nie. As jy wil vrykom van die skande, sal jy daardie persoon moet vergéwe.

As jy nie vergéwe nie, sal die sonde en die skande steeds ‘n houvas op jou hê. Om te vergewe, beteken nie jy sê dit wat hulle gedoen het, is oraait nie. Dit beteken bloot dat jý hulle nie langer oordeel nie, maar hulle in Gód se hande oorgee dat Hý hulle kan oordeel.

God het dit nie vir ons ingewikkeld of moeilik gemaak om ons redding, genesing of bevryding te ontvang nie. Dis eintlik heel eenvoudig. Eerstens moet ons belý en vergéwe. Dan moet ons vrá en in geloof ontváng. Wanneer ons die geloofspad begin stap, sal ons òf onmiddellik die vrug sien, òf mettertyd, soos wat ons geloof begin groei.

God doen alles op grond van ons gelóóf. Geloof kom deur hoor en hoor kom deur die Woord van God (Rom.10:17). As jy meer gelóóf nodig het, kry vir jou ‘n goeie konkordansie (as jy nie weet wat dit beteken nie, vra een van jou leiers). Soek sleutelwoorde soos genees, verlos en herstel. Kry skrifgedeeltes wat tot jou spreek en jou geloof versterk.

As jou seksualiteit só ‘n belangrike deel van jou is dat God sowaar jou liggaam geskape het om daaraan uitdrukking te gee, kan jy verséker glo dat Hy dit wíl herstel as dit stukkend is. En as jou huweliksverbond veronderstel is om ‘n lewende voorbeeld te wees van Jesus Christus en sy Bruid, sou Hy tog verséker enige moontlike probleme wou uitstryk. Seksuele skade knou nie net vir jóú nie, dit skep ook probleme vir jou man of jou vrou. Komaan, búlt daai geloofspiere sodat jy werklik kan gló Jesus is die antwoord!

As jy hierdie boekie lees en nog nie vir Jesus Christus as jou Heer en Verlosser aangeneem het nie, moet jy dit sommer nóú doen. Al wat nodig is, is ‘n opregte gebed waarin jy Jesus nooi om Heer en Verlosser van jou lewe te wees. Gló dat Hy vir jou sondes aan die kruis gesterf en uit die dood uit opgestaan het. Vertél iemand van jou besluit. En siedaar! Romeine 10:9-10 sê: *“As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding.”*

Hier is ‘n paar eenvoudige stappe wat jou kan help op die pad na genesing en herstel:

Stappe om jou Seksualiteit te herstel

1. Kry iemand wat jy vertróú, iemand met geloof in God se bonatuurlik krag om te kan genées, vrýmaak en héélmaak.

2. Doen oprég belydenis van jou sonde. Die Woord van God sê ons moet ons sonde teenoor mekaar bely sodat ons gesond kan word (Jak.5:16) .

3. Vergewe jóúself en enigiemand ánders wat dalk betrokke kon wees.

4. Vra God om enige skade aan jou seksualiteit te genees en te herstel. Laat die persoon sy hande op jou lê en bid dat God enige seksuele indrukke sal reinig en jou gees, gedagtes, emosies en liggaam sal núút maak. Laat hy bid soos God hom lei.

5. Beskerm jou seksualiteit deur versigtig te wees waarna jy lúíster, waarna jy kýk, of wat jy dóén. Móénie weer sonde doen nie!

As jy seksueel geknou is vanweë iemand ánders se sonde, moet jy die volgende stappe deurbid:

1. Kry iemand wat jy vertróú, iemand met geloof in God se bonatuurlik krag om te kan genées, vrýmaak en héélmaak.

2. Vertel die persoon wat met jou gebeur het en hoe dit jou laat vóél.

3. Vergéwe die betrokke persoon of persone vir wat hulle gedoen het.

4. Vergewe die mense wat jou moes beskérm het, maar om een of ander rede nie gekeer het of kón keer dat dit met jou gebeur nie.

5. Bely enige woede teenoor Gód omdat Hy jou nie beskerm het nie.

Soms is ons diep binne-in ons baie kwaad vir God omdat Hy ons nie beskerm het nie. Ons sê goed soos, “Waarom het God dit tóégelaat? Waar was God toe ek Hom nódig gehad het?”

God het jou lief en wóú vir jou daar wees, maar Hy het ménse nodig deur wie Hy kan werk. Net soos Satan werk deur die mense wat jou seermaak, het God mense gesoek wat jou kon beskerm. Hy kon nie wág vir die dag wat jy na Hóm sou draai sodat Hý jou kon genees nie. God huil sáám oor al jou seerkry. Hy het jou lief met ‘n éwige liefde en wil jou só graag gesond en heel maak.

Geestelik is ons nie werklik in ‘n posisie om God te kan vergewe nie, maar dit is wel nodig om te bely as ons enige woede of onvergewensgesindheid teenoor hom koester. Gee dit álles vir Hom. Dié dinge was soos ‘n muur tussen jou en Hom wat moet áfgebreek word voor jy gesond kan word. Satan kom saai eers sy verwoestingswerk en kom belieg ons dan boonop dat God nie vir ons lief is nie en nie vir ons dáár is nie. Ons moet daardie leuens vir eens en vir altyd nék omdraai sodat ons gesónd kan word!

6. Vra God om enige skade aan jou seksualiteit te genees en te herstel. Laat die persoon sy hande op jou lê en bid dat God enige seksuele indrukke sal reinig en jou gees, gedagtes, emosies en liggaam sal núút maak. Laat hy bid soos God hom lei.

7. Beskerm jou seksualiteit deur versigtig te wees waarna jy lúíster, waarna jy kýk, of wat jy dóén.

God het jou só lief. Hy staan en wag net om élke traan te kan afdroog, ál die pyn te kan wegneem en jou ‘n núwe begin te gee!

Hoofstuk 8
Hoe nou vérder?

Vra God om jou te wys wat Sy plan is vir jou toekomstige huwelik, gesin en lewe vorentoe. As jy eers weet watter goeie dinge Hý vir jou beplan, sal jy die versoekings soveel makliker kan weerstaan.

Jeremia 29:11 *"Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee."*

Bykomende inligting deur Amanda Buys – Kanaän Bediening: God se Droom – hoe Hý bedoel het dit moet wees:

Nét voor die Huwelik:

Die jong **bruid** ondergaan die seremoniële reinigingsbad bekend as die "Mikvah."

Die rede: Sy is in hierdie wêreld gebore onder haar pa se outoriteit. Nou's dit tyd om daardie outoriteit te verruil vir die outoriteit van haar man.

Hierdie profetiese aksie wat die "verandering van outoriteit" simboliseer, word al geslagte lank deur God se Hebreeuse volk beoefen. Wanneer die jong bruid onder die water gedompel word, word die outoriteit van haar pa verbreek, en staan sy op, gereed om onder haar man se outoriteit in te beweeg.

Al die vroue wat 'n belangrike rol in die bruid se lewe speel, is by hierdie besondere geleentheid teenwoordig en seën haar as vrou van haar toekomstige man.

Die Bruidegom:

Al die mans wat 'n belangrike rol in die bruidegom se lewe speel, kom saam vir 'n aand van groot seën en blydskap!

Die Huweliksnag:

Die pa het sy Godgegewe plig nagekom, naamlik om die "gordyntjie" van sy dogter te beskerm. In die Hebreeuse tradisie verdwyn die bruid en bruidegom op 'n gegewe tyd in 'n tent wat naas die huweliksvieringe ingerig is.

Die vriende van die bruidegom wag buite…

Op die huweliksbed is 'n laken wat aan die pa behoort.

Jy sien, dit het nou tyd geword dat die “gordyn” vir die eerste keer oopgetrek word! Wanneer die jong bruidegom daardie heilige plek binnegaan en deur die maagdevlies breek, skeur die “gordyn” en is daar bloed – ongeveer ‘n derde tot ‘n kwart koppie vol bloed.

Dit is ‘n baie belangrike deel van God se plan vir die huwelik, want sonder bloed kan daar nie ‘n verbond wees nie. Dit is waarom God die “gordyn” in plek gestel het. Wanneer alles klaar is, oorhandig die bruidegom die laken aan sy vriende, wat dit vir die pa en ouderlinge gaan wys sodat hulle dit kan inspekteer. **(Deut.22:17b)**

Hulle bevestig dat dit inderdaad maagdelike bloed is en die pa word geëer omdat hy sý deel van die ooreenkoms met God en sy dogter nagekom het.

Die bruidegom se vriende hardloop dan met ‘n groot gejuig tussen die huweliksgaste rond met die laken al wapperende bo hul koppe.

Almal bevestig dit nou en is saam bly oor hierdie heilige verbond wat deur ‘n Almagtige God beplan en uitgevoer is.

Wow! Ons dien voorwaar ‘n ongelóóflike God!

‘n Paar nuttige wenke voor jy die boek toemaak…

- As die versoeking te veel word, of jy begin moedeloos raak, lees die boek nóg ‘n keer.

- Doen ‘n Bybelstudie en vind skrifgedeeltes wat jou kan moed inpraat en versterk.

- Kry ‘n gebedsmaat teenoor wie jy verantwoording kan doen. Iemand met wie jy kan praat en wat saam met jou kan bid. Maak seker dis nie iemand van die teenoorgestelde geslag nie! As jy meer mense nodig het, praat met jou ouers of jou jeugpastore. As jy nie aan ‘n kerk behoort nie, vind ‘n goeie kerk wat jou in dié area kan ondersteun.

- Lees Joshua Harris se boeke, *I Kissed Dating Goodbye* en *Boy meets Girl*, of enige ander boeke oor dieselfde onderwerp.

‘n Laaste woordjie van Kathy Tolleson

Hierdie boek is oorspronklik in Engels geskryf deur Kathy Tolleson onder die titel: *STRAIGHT TALK – PROTECTING SEXUALITY AGES 13–18*:

Kathy se getuienis:

Hierdie boekie is geskryf na jare se berading van mense met huweliks- of seksuele probleme. Die doel hiervan is om jou twee keer te laat dink, sodat jy met nuwe oë na seks, uitgaan en die huwelik sal kyk.

Deur die jare het ek keer op keer gesien watter hartseer en verwoesting daar kom wanneer ons nie ons seksualiteit verstaan nie en dit op verkeerde maniere gebruik. In hierdie boekie praat ek koeëlreguit. Hiervandaan is dit jóú verantwoordelikheid om die regte keuses te maak. Jy sal egter nooit kan terugkyk en sê: “Ek het nie geweét nie. Niemand het my ooit vertél nie.”

Ek wéns ek kon as tiener weet wat ek nóú weet oor my seksualiteit. Op 17 was ek swanger. Die swangerskap het gelei tot ‘n huwelik, wat uitgeloop het op ‘n egskeiding. Dit het groot hartseer vir my en my hele familie gebring. Hoewel God baie genesing in ons lewens gebring het, het dit baie harde werk gekos. Elke vakansiedag en spesiale familiegeleentheid word stéeds deur die egskeiding geraak. Álles wat ons doen, het gevolge. Party daarvan kan God genees en herstel. Met ánder moet ons die res van ons lewe sáámleef.

Soos jy sal sien, fokus ek nie op swangerskap en seksueel oordraagbare siektes nie. Dié aspekte word gewoonlik tydens seksonderrig in die klaskamer hanteer. My doel is om lig te werp op die lángtermyn gevolge vanuit ‘n geestelike sowél as ‘ n natuurlike perspektief.

Ek vertrou dat hierdie boekie jou nie net sal inlig nie, maar jou léwe sal verander. My gebed is dat God hierdie dinge vir jou sal oopbreek en jou hart sal nuut maak sodat jy die begéérte sal hê om jou seksualiteit te beskerm.

In Sy Diens,
Kathy Tolleson

His Ministry
211 Bay Street
Daytona Beach, FL 32114(386)253-8574
his@daytonacitychurch.com; www.daytonacitychurch.com

His Ministry, International, A Woman’s Voice Publications, en Rodney en Kathy Tolleson gee aan Kanaän Bediening en Amanda Buys die reg om hierdie materiaal vir bedieningsdoeleindes in Suid-Afrika te reproduseer en te versprei.